Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 6 – 23 Mei 2025




***Biltong, melktert, veldskoene, krummelpap, braaivleis en rugby.***

Dis nie net woorde nie – dis Afrikaans!
Dis hoe ons praat, leef, lag en saamwees.
Lynnies het iets besonders gevier – *Afrikaans is 100 jaar oud!*

’n Hele eeu gelede, in 1925, is Afrikaans amptelik erken as ’n taal in Suid-Afrika.
Vandag, ’n honderd jaar later, is dit nie net 'n taal wat ons op skool leer nie, maar ook een waarin ons stories vertel, liedjies sing, grappies maak en drome droom.

Ons sê mos: *’n nuwe besem vee skoon*, maar Afrikaans het al lankal gewys dat dit sterk staan.

En soos ons weet, *waar daar ’n wil is, is daar ’n weg* – en Afrikaans het daardie pad vir 100 jaar lank gestap.
Ons is trots op Afrikaans omdat dit óns s’n is!
Mag ons dit met liefde praat, met respek gebruik en met trots aanhou leer!
**Gelukkige 100ste verjaarsdag aan Afrikaans!**

BAIE DANKIE aan al die personeel en leerders wat AFRIKAANS gekroon het.



# LYNNIES REVUE 2025







**Verwys na d6 – Kultuur – Revue 2025 vir skrywes.**



## OUERLEIDING




### Voorbereiding vir toetsreeks

Ons Lynnies is hard aan die leer vir die eerste toetsreeks van die jaar. Navorsing toon dat kinders hoër punte behaal waar ouers by hul studie betrokke is.
Hoe kan ouers hul kinders help om gereed te wees vir die toetse?

**Hier is 'n paar wenke om kinders te lei tydens die voorbereiding vir die eksamen.**

- Stel 'n studierooster saam met jou kind op. Sodoende word 'n groot hoeveelheid werk in kleiner porsies verdeel en lyk dit nie so oorweldigend nie.
- Rig tuis 'n spasie in waar jou kind rustig kan studeer.
- Beperk die studietyd tot 30 - 45 minute per sessie; 'n laerskoolkind kan nie vir veel langer op 'n keer konsentreer nie.
- Stel realistiese doelwitte en help jou kind om daarby te hou. Laat jou kind die moeilikste werk of vakke eerste leer.
- Skeduleer tyd in die studierooster vir ontspanning. Sorg dat daar steeds tyd is vir 'n lekker gesinsaktiwiteit of oefening, soos om saam te gaan stap, draf of fietsry.
- Sorg dat jou kind genoeg slaap, sonder selfone en skerms wat aan is in hul kamers. Jy sal jou kind die grootste guns bewys.
- Sorg dat kinders se basiese skryfbehoeftes voldoende is. Dit veroorsaak baie angs indien die pen se ink opraak. Herinner jou kind om daagliks alles in te pak wat nodig is, byvoorbeeld kleurpotlode wanneer hul Kuns skryf, 'n sakrekenaar vir Wiskunde ensovoorts.
- Sorg dat jou kind daagliks ontbyt eet en pak 'n voedsame kosblik in. Leerders mag 'n waterbottel in die toetslokaal inneem.
- Praat met jou kind oor hul vrese. Deur daaroor te praat sal hul gou besef dat baie van die vrese ongegrond en onnodig is.
- Indien jy as ouer ook angstig raak tydens die toetsreeks, doen bietjie introspeksie. Besin dalk oor jou eie ervaring, sodat jy nie jou onverwerkte angs onbewustelik aan jou kind oordra nie.
- Maak hulle veral rustig met die wete dat 'n toetsreeks eintlik maar net 'n groot toets is, iets waarmee hulle baie bekend is.
- Fokus op die positiewe dinge wat voortspruit uit die skryf van toetse. Dit kan 'n opbouende ervaring wees vir ons kinders.
- Dis Laerskool – ons berei ons kinders voor vir die lewe hierna. Ondersteun deur leiding. Help met tydsbestuur en sorg dat jou kind alles het om 'n streslose toetsreeks te beleef.

***Sterkte met die voorbereiding.***
***Doen net jou beste – dis goed genoeg!***

## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>
Woensdae 07:25 voor die hoofhek.
Kontak Anlia 082 927 1020
om deel te word van die WhatsApp groep.

## KULTUUR

### ATKV APPLOUS

Die Senior- en Juniorkoor het onderskeidelik Vrydag en Saterdag aan die ATKV-Applous deelgeneem. Beide kore het pragtig gesing en die geleentheid baie geniet. Ons is trots om te sê dat beide kore Goud/ A verower het. Baie geluk! Hulle het Lynnies se naam hoog gehou.

### REDENAARS

**Vind hiermee die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

- **Kansvatters**

**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Spanne:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 23 Mei 2025

- **OppieTongAf**

**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inligting op d6 beskikbaar)

- **Radikale Redenaars**

**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week:**
***"To succeed in life one must have determination and must be prepared to suffer during the process. If one isn't prepared to suffer during adversities, I don't really see how he can be successful. "*** Gary Player

### KUNSTE AKADEMIE

Baie geluk aan Arlè Kretzschmar en Zané Smith met hulle medaljes by die Pierneefteater Kunstefees! Hulle is aangewys as afdelingwenners van onderskeidelik die Gedramatiseerde Poësie Graad 4 en Poësie Graad 7.





## AKADEMIE

### SOUTH AFRICAN MATHEMATICS CHALLENGE SECOND ROUND

Ons is trots op al ons Lynnies van Graad 4 - 7 wat deurgedring het na die AMESA rondte 2.

Hulle het op 22 Mei hulle tweede rondte vraestelle geskryf. Ons hou styf duimvas vir elke leerder!!

Wie nie waag nie, wen nie!!



## GHOLF- EN ROLBALDAG




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvItNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

**PERDRY**
Jana Kearney het in 2024 1ste geëindig op die Gauteng ranglys vir Ponie Ruiter Novice Dresseer asook 1ste in Suid-Afrika. Sy het ook 'n 2de plek behaal op die DSA-Challenge kompetisie (dis 'n nasionale kompetisie) en haar span het algeheel 1ste geëindig. Sy het oor die naweek op die Gauteng Dresseer Assosiasie se prysuitdeling haar pryse vir 2024 ontvang.



# SPORT

## LANDLOOP

Op 16 Mei 2025 het Laerskool Lynnwood gaan deelneem by Die Hoërskool Menlopark se Menlo-Aflosbyeenkoms en aan Liga 2 te TUT. Lynnies se Junior Dogters-span het algeheel 3de geëindig, terwyl ons Junior Seuns-span 4de geëindig het.
Tydens Liga 2 het 7 atlete gaan deelneem aan die aand wedloop by TUT in Pretoria Wes.

Baie geluk aan al ons Lynnies!

| Dogters o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Elizabeth | De Beer | 12 |
| Ilané | Schalekamp | 22 |

| Dogters o/13 (3 km) | | |
|---|---|---|
| | | |
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Tharien | Van Dyk | 10 |
| Milla | Roux | 30 |

| Seuns o/9 (2 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Francois | Van Dyk | 9 |

| Seuns o/11 (3 km) | | |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Ruan | Pienaar | 3 |
| Jean | Roux | 12 |











# PERSONEEL

## VERJAARSDAE

**MEI**


23 Miné Grobler (o/w)
28 Casper Olivier (o/w) en
Gisela Tribelhorn (o/w)
29 Nelia de Klerk (pre-prim)

**JUNIE**

4 Pricilla Mabena (pre-prim alg. ass)
5 Ethan Gouws (Krieket Akademie)
6 Estian Esterhuizen (o/w) en
Ordicious Masakela (alg. ass)
10 Dinah Motau (naskool)
13 Obrey Mamengena (alg. ass)
14 Shadrack Mojadithigo (alg. ass)
16 Paulinah Kekae (alg. ass) en
Benny Thaga (alg. ass)
19 Anje Burger (pre-prim)
21 Danielle de Witt (o/w)
23 Eudene Swart (o/w)
24 Joshua Grové (intersen. ass),
Bernie Bezuidenhout (o/w ass) en
Morris Tshabangu (alg. ass)
26 Christa Cronje (naskool)
29 Ilse Deneys (naskool)

### TROUKLOKKIES LUI

Baie geluk aan juffrou Gisela (nou mevrou Tribelhorn) wat op 1 Mei getroud is!



### CULLEN LOUIS ESTERHUIZEN IS GEBORE




Baie geluk meneer Estian met klein Cullen Louis Esterhuizen se geboorte op 19 Mei.

## 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**Kwartaal 2**
Maandag, 16 Junie (Jeugdag) PUBLIEKE VAKANSIEDAG
SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## DIENSRAAD




**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


gro
LIFE COACHING
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za
0861 44 74 74


ELEVATE YOUR STANDARDS, ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za